

K U N S F O T O G R A F I E

deur

WILLIAM **L**ENNOX **C**LAASEN

VOORGELÊ VOLGENS GEDEELTELIKE VOLDOENING AAN
DIE VOORVEREISTES VIR DIE NASIONALE DIPLOMA
IN DIE DEPARTEMENT VAN FOTOGRAFIE, FAKULTEIT
KUNS EN ONTWERP, TECHNIKON O.V.S.

NOV. 1994

INHOUD

	Bladsy no
1. INLEIDING	1
Die oorsprong van kuns en fotografie	2
Die oorsprong van fotografie	2
2. PICTORIAL PHOTOGRAPHY	3
Henday Peach Robinson	5
Julia Magaret Cameron	6
Oscar Rejlander	8
3. ANTI PICTORIALISME	10
Dadisme	10
Marcel Duchamp	12
Rosamond Walf Purcell	12
4. KOMPOSISIE	13
"The Golden Section"	14
Strategiese plasing	15
5. KREATIWITEIT: MONOCHROOM	16
Spesiale tegnieke	17
Solarization	17
Lint en lyn film	18
Veelvoudige druk	19
Montage	20
Sepia tone	21
6. LENSE	22
Wye hoek lense	22
Visoog lense	23
"Soft focus" lense	23
"Soft focus" filters	24
7. SKRYWER SE WERK EN VERDUIDELIKINGS	26-51
8. SLOT	52
9. BIBLIOGRAFIE	53

LYS VAN ILLUSTRASIE

Figuur 1	B1	1		Skrywer se werk
Figuur 2	B1	6	<u>Fading away</u>	Hendry P Robinson The history of Photography
Figuur 3	B1	7	<u>Thomas Carlyle</u>	Julia M Cameron The history of Photography
Figuur 4	B1	8	<u>Two ways of life</u>	Oscar G Rejlander The history of Photography
Figuur 5	B1	11	<u>Nude desending & staircase</u>	Marcel Duchamp The History of Photography
Figuur 6	B1	13	<u>Osmond Wolf Purcell</u>	Photography annual
Figuur 7	B1	14	<u>Golden Section</u>	Art through the ages
Figuur 8	B1	18	<u>Solarization</u>	Skrywer se werk
Figuur 9	B1	19	<u>Lith Positief en normale Negatief</u>	Skrywer se werk
Figuur 10	B1	21	<u>Sepia-tone</u>	Skrywer se werk
Figuur 11	B1	29	<u>The last Boy Scout</u>	Skrywer se werk
Figuur 12	B1	31	<u>So be it</u>	Skrywer se werk
Figuur 13	B1	33	<u>Sweet dreams</u>	Skrywer se werk
Figuur 14	B1	35	<u>Crusified</u>	Skrywer se werk
Figuur 15	B1	37	<u>One eye Willie</u>	Skrywer se werk

Figuur 16	B1	39	<u>Joshua tree</u>	Skrywer se werk
Figuur 17	B1	41	<u>Double trouble</u>	Skrywer se werk
Figuur 18	B1	43	<u>Double adapter</u>	Skrywer se werk
Figuur 19	B1	45	<u>Sky around the pie</u>	Skrywer se werk
Figuur 20	B1	46	<u>Ongetiteld</u>	Skrywer se werk
Figuur 21	B1	47	<u>Ongetiteld</u>	Skrywer se werk
Figuur 22	B1	48	<u>Ongetiteld</u>	Skrywer se werk
Figuur 23	B1	49	<u>Ongetiteld</u>	Skrywer se werk
Figuur 24	B1	50	<u>Ongetiteld</u>	Skrywer se werk
Figuur 25	B1	51	<u>Ongetiteld</u>	Skrywer se werk

BBBBBBBBB

1. INLEIDING

DIE OORSPRONG VAN KUNS EN FOTOGRAFIE

Net soos Genesis die begin van die Bybel is, so was die Oermens die beginpunt van kuns.

Van die vroegste tye af het hulle hul gevoelens en emosies weergegee in hulle kuns. Moderne kunstenaars en fotografe doen dieselfde.



Die storie van fotografie het eers begin gedurende die 1830's, toe ligsensitiewe materiale vir die eerste keer in 'n kamera gebruik is.

DIE OORSPRONG VAN FOTOGRAFIE

'n Kamera se reproduksie, is om vas te stel of visuele ervarings wel daar is en of dit waar of vals is.

As gevolg van die ontdekking wat gemaak is deur Louis Daguerre in 1839 het hy 'n antwoord verskaf oor die debat of fotografie wel 'n kunsvorm is of nie. Fotografie het toe ontwikkel van die "Daguerrotype" na die "Calotype" en van die "wet plate" na die "dry plate" proses. Die laaste proses wat gevolg het is die filmbedryf wat ons vandag ken.

Aanvanklik was fotografie slegs 'n medium om kunstenaars te help, om visuele dinge vas te vang soos in die skilderye van Delaroche en Jerome.

Delaroche het gesê (Ref) "From this day painting is dead" toe hy gehoor het van Daguerre se uitvinding. Marice de Maminek het in 1900 gesê dat hulle (kunstenaars) alles haat wat met fotografie te doen het.

Die verskil tussen 'n goeie foto en 'n normale foto is dat 'n mens altyd weer sal kyk na 'n goeie foto. Daar sal altyd 'n element in die foto wees wat die kyker weer sal laat kyk.

2. "PICTORIAL PHOTOGRAPHY"

Die klem val op die kwaliteit van die komposisie van die foto en nie noodwendig op die inhoud van die foto nie.

Hierdie foto's word gewoonlik gebruik om teen mure te hang of in uitstallings as voorbeelde van die fotograaf se kuns as om dit te gebruik om te dokumenteer of om te kommunikeer.

Soos byvoorbeeld wanneer mense by 'n huis staan in 'n donker straat sal die fotograaf wat dokumenteer, 'n foto neem om die swak huistoestande te illustreer en die haglike toestande waarin die mense lewe. Die "Pictorial" fotograaf sal op sy beurt die mense rangskik in 'n spesifieke volgorde of komposisie en dalk "soft" fokus filters gebruik en die omstandighede heeltemal omskep sodat die kyker 'n heel anders gevoel kry.

Gedurende die negentiende eeu het "Pictorial Photography" uitgebrei en "High art photography" het ontstaan, soos byvoorbeeld die werke van Reijlander, Robinson en Cameron.

(Ref) Art through the ages

B1 830

HENRY PEACH ROBINSON

Hy het gewerk in 'n boekwinkel as 'n assistent en 'n amateur skilder wat vir die eerste keer van fotografie geleer het deur die "DAGEURROTYPE" proses. Hy het gewerk in "portait studio" in die "Middlands" van England gedurende 1857 tot 1862. Hy was ook 'n baie belangrike lid van die "Royal Photographic Society" en het baie boeke gepubliseer asook artikels. Robinson het ook 'n groot rol gespeel in die stigting van die "Linked ring".

Een van sy bekendste foto's was "Fading away". Hy het vyf negatiewe gebruik om een foto te druk. Die foto se inhoud het gegaan oor 'n jong meisie wat besig is om dood te gaan en haar ouers wat besig was om te rou oor haar. Die publiek was baie geskok deur die foto, omdat dit so realisties gelyk het.




Fig 2

JULIA MAGARET CAMERON

Sy was Engels, maar is gebore in "Calcutta". Sy het begin as 'n amateur "collodion" fotograaf nadat haar man afgetree het in 1883. Alles wat sy geweet het oor fotografie het sy vir haarself geleer. Sy het baie bekende mense afgeneem, asook van haar Viktoriaanse vriende. Vandag is sy meestal bekend vir haar manlike portrette.

Julia Magaret Cameron het eers fotografie ernstig begin opneem toe haar familie verhuis het na Ceylon. Haar tegniek was baie verskillend van haar mede-

fotograawe. sy het baie kritiek daaroor gekry, terwyl
haar werk baie waardeer is.




Fig 3

Haar foto's was altyd dramaties belig en dit het
gelyk of dit uit fokus is.

OSCAR REJLANDER

Hy was 'n Sweed wat in Engeland gewoon het. Rejlander het portrette geskilder en die "Collodion" fotografiese proses gebruik as 'n hulpmiddel. Gedurende 1855 het hy 'n professionele portret fotograaf geword en het ook figuurlike studies gedoen vir kunstenaars.

Rejlander het baie geëksperimenteer met "Multiple Image" en in 1887 het hy 'n foto geproduseer naamlik "Two ways of Life".



Fig 4

Die foto se komposisie het bestaan uit 'n vader wat sy twee seuns die lewe wys. Die een seun word getrek deur die swakheid van die lewe, terwyl die ander seun aangetrek word deur die goedheid van die lewe.

Rejlander het meer as dertig verskillende negatiewes gebruik om hierdie foto te produseer. Hy het alles gemasker en hulle bymekaar gevoeg soos 'n legkaart. Dele van die agtergrond is in 'n vriend se tuin geskiet, terwyl die res in sy ateljee geskiet is.

3. ANTI PICTORIALISME

Fotografie is 'n abstrakte vorm en fotografiese patrone het ontstaan in periodes net voor en na die eerste wêreldoorlog.

Een van die grootste en bekendste groepe was Dadisme.

DADISME

Die woord "DADA" beteken "Rocking horse". Dadisme het 'n baie groot invloed gehad op fotografie in die twintigste eeu.

Dadisme was gevorm gedurende die eerste wêreldoorlog in Switzerland. Marchel Duchamp het 'n groot bydrae gelewer tot hierdie beweging . Een van sy bekendste werke was "Nude Decening a staircase"

[11(a)]

Hulle werk was "anti-art", "anti-logic" en hulle was teen die samelewing en alle bestaande normes. Dadisme het 'n gevoel van haat en frustrasie in hulle werk weergegee.

Dadisme het geglo dat die voorwerp en die medium kreatief moes verander word. Dadisme was nie net 'n beweging nie, maar 'n vorm van denke.

Die bekendste "Dadaist" uitstalling was gehou in "Bauhaus Winter" in Duitsland.



FIG 5

MARCEL DUCHAMP

Marcel Duchamp was 'n Fransman. Duchamp was 'n skildenaar. Sy kunsstuk "Nude Decening a staircase" was beïnvloed deur "Motion Photography". Hy het die gemeenskap geskok gedurende sy 1914 en 1917 uitstalling toe hy gebruik gemaak het van klaar-gemaakte voorwerpe soos byvoorbeeld bottels, draad ensovoorts. Hy het nog 'n paar skilderye geproduseer na 1930, maar het daarna sy hele lewe toegewy aan skaak.

ROSAMOND WALF PURCELL

Rosamond W Purcell gebruik die 100 jaar oue Ambrotipe wat gevind is in "New England" kuns markte as bron materiaal vir die meeste van sy "multiple-effect dot colour" portrette. Hyself sê (Ref) "Elusiuë fragment details correspond to the psychological evidence of the originals, evidence which leads, at best to further speculation.

Ref Photography annual 1980 B1 36

[13]



Fig 6

4. KOMPOSISIE


Komposisie beteken om harmonie in chaotiese materiale te skep, deur middel van alle elemente te organiseer. Komposisie is een van die belangrikste elemente in fotografie en ook in die ander vorms van kuns.

Komposisie lê die klem op belangrike "detail" en dit skep ook "mood". Dit trek ook die aandag na die belangrike elemente op die feite.

"THE GOLDEN SECTION"

Dit staan ook bekend as die "Rule of thirds". In fotografie word die "Golden Section" gebruik vir die opdeling van die foto in reghoeke wat uit derdes bestaan, horisontaal asook vertikaal. 'n Persoon plaas dan die belangrikste elemente in een van dié blokkies, waar die lyne met mekaar kruis.

7167



Hierdie reël is geformuleer deur die Grieke en 'n mens kan duidelik sien hoe hulle hierdie reël toegepas het in hulle argitektuur asook hulle beeldhou.

In fotografie kan hierdie reël nie altyd toegepas word nie, maar dit is altyd goed om die reël in gedagte te hou.

STRATEGIESE PLASING

Baie van hierdie reëls van hoe om horisontale lyne te plaas het ontstaan uit die "Golden section".

Een van hierdie reëls is strategiese plasing. Dit is net dat jou beeld moet nooit vertikaal sowel as horisontaal opgedeel word nie. Jou beeld moet altyd gebalanseerd bly.

5. KREATIWITEIT: MONOCHROOM

Die woord "create" is seker een van die woorde wat die meeste misbruik word in enige kunsvorm. Kreatiwiteit in fotografie is baie subjektief. Een persoon sal dink jou werk is kreatief terwyl 'n ander dit sal kritiseer.

'n Normale woordeboek definieer die woord "create" as "bring into being or existence originate." (Ref).

'n Beter interpretasie van hierdie definisie wat van toepassing is op fotografie is om oorspronklike beelde te vervaardig. Kreatiwiteit word baie beïnvloed deur toerusting en tegnieke, maar dit verseker nie kreatiwiteit nie. Kreatiwiteit hang van die skepper self af.

(Ref) The creative monochrome Finance -
David Camberlain - P7

By kreatiwiteit moet daar nie reëls wees nie. Wanneer 'n foto reg lyk dan is hy reg. Wanneer 'n persoon homself gaan bind aan reëls, sal hy nooit vry wees om heeltemal kreatief te wees nie.

SPESIALE TEGNIEKE

SOLARIZATION

Die "solarization" effek is vernoem na 'n Franse fotograaf en skeikundige - Armand Sabattier. Hy het hierdie proses net per ongeluk ontdek, gedurende die ontwikkeling van 'n fotografiese plaat. Toe hy dit ontwikkel het, het daglig per ongeluk hierdie plaat belig.

Die beeld word gemanipuleer deur of die fotografiese film of papier in lig te "expose", sodat dit vir jou 'n halwe negatief en positief gee. Hierdie effek is nie streng volgens die natuurwette korrek nie.




7168

LINT EN LYN FILM

Om die beste resultate te verkry met hierdie proses moet die beelde vooruit bepaal of beplan word, met die oog op die lint en lyn proses.

Dit werk gewoonlik met beelde wat 'n grafiese gevoel het, asook hoë kontras beelde.

Verskillende effekte word verkry met hierdie proses, soos byvoorbeeld 'n "lith" positief wat negatief gedruk word. Dit gee vir jou 'n hoë kontras afdruk. 'n Normale negatief gekombineer met 'n "lith" gee ook 'n ander effek.



716 9

VEELVOUDIGE DRUK

Deur gebruik te maak van veelvoudige drukwerk, kan 'n persoon die onmoontlike wel moontlik maak.

Veelvoudige drukwerk is wanneer twee of meer beelde op een stuk papier gedruk word. Aanvanklik is hierdie proses moeilik om te beheer, maar met oefening raak dit maklik. Sukses sal afhang van die tegniek van "masking". Dit is die terughou van sekere areas sodat daar op daardie area wat teruggehou word, iets anders gedruk kan word.

MONTAGE

'n Foto "montage" is baie dieselfde as veelvoudige drukwerk, omdat daar van meer as een beeld gebruik gemaak word om een foto te produseer, maar dit is 'n totaal verskillende tegniek.

'n "Montage" is die fisiese byvoeging van beelde wat uitgesny word en netjies op 'n ander beeld geplak word. Daarna word dit gefotografeer om een beeld te vorm.

Om 'n suksesvolle "Montage" te kry, moet 'n persoon altyd sy boodskap in gedagte hou, sodat al die beelde daarby sal pas. Die skaal moet ook ingedagte gehou word.

SEPIA TONE

SP-tone kan 'n gevoelose foto verander in 'n foto met gevoel.

FIG 10



Die tegniek is baie eenvoudig en maklik. Eerstens "Bleik" jy eers die foto. Wanneer die foto "gebleik" word dan lyk dit asof die chemikaleë al jou detail op die foto wegvat in jou high-light gedeeltes. Nadat 'n persoon klaar "gebleik" het, word die foto droog, gemaak voordat dit "getone" word. Wanneer 'n persoon die toner op die foto plaas, dan kom al die "detail" gedeeltes op die foto weer terug. Die swart en wit foto verander in 'n foto wat 'n dominante kleur het. Die effek lyk baie dieselfde as wanneer 'n mens op XP1 of enige wit en swart neg. of XP2 neem en die negatief in kleur druk.

6. LENSE

WYE HOEK LENSE

Hierdie lens laat dit toe om meer van die voorwerp vas te lê as enige ander lens. 'n Persoon kry baie bizarre effekte asook effekte wat 'n mens nie wil hê nie, dus moet hierdie lens reg gehanteer word.

VISOOG LENSE

Die moontlikhede van hierdie lense is oneindig. Hierdie lens dek 180 grade, Reguitlyne wat nie deur die middel van die lens beweeg nie, word gebuig. Daar is twee tipes visoog lense, naamlik die wat 'n ronde sirkel gee en die wat 'n "full frame" gee.

Die "circular" produseer 'n ronde beeld wat 'n "angel of view" van 180 grade in alle rigtings. Terwyl die "full frame" se 180 grade dekking slegs diagonaal is. 'n Visoog is baie duur, maar gelukkig kan 'n persoon "adaptors" koop wat goedkoop is en dan word dit voorop die lens gedraai, maar hulle kwaliteit is nie so goed soos 'n regte visoog nie.

"SOFT FOCUS" LENSE

Dit is belangrik om nie deurmekaar te raak met 'n "soft focus" lens nie en 'n foto wat slegs uit fokus is. "Soft focus" lense produseer sagte beelde wat nie uit fokus is nie.

"Soft focus" lense word gewoonlik gebruik vir "glamour" fotografie asook vir portrette. Daar is twee soorte "soft focus" lense. Die een gebruik 'n "aperture plate" met 'n groot gat in die middel en met klein gate rondom. By die groot gat is die beeld in fokus en by die klein gat is die beeld uit fokus.

Die ander tipe is lense wat nie gekorrigeer is vir sferiese abberasies nie.

"SOFT FOCUS" FILTERS

"Soft focus" lense is baie duur. Daar is 'n ander manier om dieselfde effekte te verkry deur gebruik te maak van "soft focus" filters.

Daar is verskillende maniere om jou eie filters te maak.

1. Smeer "vaseline" op 'n ou UV filter en nie die lens nie.
2. Trek 'n "nylon" sykous oor die lens.
3. Gebruik te maak van ongelyke glas.
4. Om op die lens te wasem.

7. SKRYWER SE WERK EN VERDUIDELIKINGS

Die volgende werk is alles voorbeelde van die skrywer se werk.



THE LAST BOY SCOUT

Hierdie foto het ek geneem in die Knysna bos op soek na 'n waterval. Die kamara wat gebruik is was 'n Pentax K1000 met 'n 24 mm Pentax lens. Ek het op Agfa Optima film geneem en dit C41 ontwikkel. Die negatief het ek toe swart en wit gedruk en dit toe geseptatone en met olieverf bo-op die foto geverf.

Ek het gevoel dat daar iets gekort het in die foto en toe het ek en 'n vriendin begin speel met verf op hierdie foto. Dit is hoe ons die effek gekry het. Wanneer u na die oorspronklike kyk, sal u verstaan hoekom ek hierdie foto "The last boy scout" noem.

Ek wou hierdie tegniek nog baie gebruik het in my ander werk maar ek het gedink dat hierdie foto die eerste is en ons los dit maar die eerste en die laaste.



FIG 11

SO BE IT

Vir hierdie foto kon ek nie 'n naam kry nie, en toe noem ek dit maar net "So be it." Die kamera wat ek gebruik het was 'n Mamiya 6x45 met 'n 80 mm lens en 'n visoog "adaptor" daarop. Ek het met 'n Fajicheome 100 Asa Film geskiet en dit E6-C41 ontwikkel.

Ek hou baie van hierdie foto omdat die gevoel wat ek gehad het baie lekker was en dit was net lekker om die foto te neem? Daar is nie vir my nog so 'n gevoel soos wanneer 'n persoon 'n foto neem en al die elemente pas ineen, soos 'n legkaart.



71612

SWEET DREAMS

Dit was 'n kamer van 'n ou vriendin van my en wanneer ek op daardie bed geslaap het, het ek nogal 'n snaakse gevoel gekry. Ek het toe eendag net besluit om my kamera te vat en om hierdie foto te neem van die kamer. Hierdie is gewoonlik nie my tipe foto wat ek neem nie, want ek hou daarvan om mense in 'n omgewing te plaas en nie slegs om die omgewing af te neem nie.

Ek het met my Pentax K1000 geskiet met 'n 28 mm lens daarop. Ek het met FP4 geskiet en toe die foto gesolarized en met die hand ingekleur. Die solarization werk vir my omdat dit die gevoel vasvang van die kamer. Gevoel speel vir my 'n baie belangrike rol in 'n foto en die gevoel waarvan ek praat is 'n persoonlike gevoel.




Fig 13

CRUSIFIED

Ek het hierdie foto geneem in Buffelsbaai. Toe ek hierdie foto geneem het was ek 'n bietjie onder die invloed van alkohol en die heelyd het daar 'n wysie in my kop gespeel van die popgroep "The cult". Ek het vir my vriend gesê dat hy vir my moet "pose" en toe val hy maar net in hierdie posisie.

Die kamera wat ek gebruik het was my Minolta XG1 met 'n 50 mm lens op en my visoog "adaptor" was daar bo op gedraai. Ek het ook 'n rooi-filter gebruik om meer kontras te kry en om die lug meer dramaties te maak.



716 14

ONE EYE WILLIE

Hierdie is 'n selfportret wat ek geneem het by die dam toe ek eendag baie alleen en depressief gevoel het. Ek het die yster hok by die dam opgetel en die draad het ek agter in my bakkie gekry en toe het ek vir my hierdie masker gemaak.

Baie van my selfportrette wat ek neem, neem ek wanneer ek in 'n sekere "mood" is sodat ek na die tyd kan kyk na die foto en myself probeer voorstel wat ek op daardie spesifieke oomblik gedink het.

Ek het hierdie foto met my Minolta XG1 geskiet en 'n 24 mm lens gebruik. Ek het myself belig met my motorligte, en dit was dit.




FIG 15

JOSHUA TREE

Hierdie foto was een van die lekkerste foto's wat ek nog ooit geneem het. Die geskiedenis van hierdie foto is raar maar waar. Ek het een aand gedroom van hierdie landskap met 'n kaktus wat so staan. Ek het toe die volgende dag gery maar ek kon dit toe nooit kry nie. Twee weke daarna het ek saam met 'n vriend gegaan op 'n "shoot" en toe sien ek dit.

Dit was nie net 'n lekker foto om te neem nie omdat ek dit in 'n droom gesien het nie, maar omdat dit die eerste landskap was wat ek van gehou het om te neem.

Die foto is geskiet met my Mamiya 6X4,5 met 'n 80 mm lens op. Ek het daglig en flitslig gebruik en 'n EO-C41 "run" gedoen.



716 16

DOUBLE TROUBLE

Daar is nie eintlik baie om te sê oor hierdie foto nie. As u die meisie ken dan sal u verstaan hoekom ek die foto "double trouble" noem. Toe ek die foto's print, het ek per ongeluk die een negatief omgedraai en toe sit ek die twee foto's bymekaar en dit het goed gelyk.

Die foto's is geskiet met my Mamiya 6x4,5 met 'n 80 mm lens en 'n visoog "adaptor" daarop. Ek het met Fuji Velvia geskiet en 'n C41 "run" gedoen.



DOUBLE ADAPTOR

Ek het hierdie foto by Stilbaai geneem. Ek het 'n montage gedoen omdat ek gevoel het dat daar nog iets kort op die foto. Ek het 'n deel van die lug gebleik asook die onderste figuur.

Die foto is geskiet met my Pentax K1000 met 'n 28 mm lens op.

[43]




FIG 18

SKY AROUND THE PIE

Die foto is geneem by Golden Gate by 'n klein begraafplaas. Die foto het vir my 'n baie lekker gevoel gehad, maar daar het 'n maan gekort. Ek besit nie 'n langlens nie en dus kon ek toe nie 'n maan afgeneem het nie.

Ek het toe geleer om hul aan te "airbrush" wat nogal baie moeilik vir my was, omdat ek nie 'n baie netjiese mens is nie, en ek kan nie fyn werk doen nie, maar ek het dit reggekry en toe "airbrush" ek 'n maan op 'n foto.

Die foto is geskiet met 'n Minolta XG1 met 'n 24 mm lens daarop.



716 19



FIG 20



FIG 21



FIG 22



FIG 23



FIG 24



Fig 25

THIS BOOK IS
THE PROPERTY
OF THE
02 AUG 1999
TECHNIKON
FREE STATE

TECHNIKON
OVS/OFS
1995-06-19
PRIVAATSAK X20539
PRIVATE BAG
BLOEMFONTEIN 9300

8. SLOT

Fotografie, net soos kuns, kan vir die skepper 'n emosionele toestand wees.

Fotografie gaan vir my baie oor gevoel. Wanneer 'n persoon gevoel kan vasvang op film het hy 'n goeie foto geneem, en dit is veronderstel om vir die fotograaf of die skepper 'n groot satisfaksie te wees. Ek het nie woorde om daardie gevoel vas te vang nie, maar ek dink as dit elke keer met my kan gebeur wanneer ek 'n foto neem, sal ek 'n baie gelukkige mens wees. Wat my baie seer maak of kwaad maak is dat mense dink om 'n fotograaf te wees is om nie 'n talent te hê nie. Baie keer het ek al gehoor dat mense sê om 'n goeie foto te neem is om op die regte tyd op die regte plek te wees. Dit speel wel 'n belangrike rol maar 'n goeie fotograaf sien meer op daardie tyd en plek as die man wat slegs 'n kamera in sy hand het en die knoppie druk en hoop om goeie resultate te kry.

Fotografie is die kuns om met lig te teken.

9. BIBLIOGRAFIE

1. Beaumont Newhall The History of Photography
The Museum of Modern Art
New York - 1982

2. De La Croiz Tansey Art through the Ages
Eight Edition

3. David Chamberlain The Creative Monochrome
Image

4. Mark Birkitt Camera and Creative Photo-
graphy - 1984

5. W Maryrowitz Photography as an Art Form,
Maclaren and Sons, London